LANDELIKE VEILIGHEID

SENTRUM VIR UITNEMENDHEID

BENADERING VIR DIE VERKRYGING VAN TOEGANG TOT PLASE

PROTOKOL VIR TOEGANG TOT PLASE

Indeks

AANHEF 4

1. Veiligheidsdienste 4

2. Ander beamptes wat in gevolge statutêre vereistes toegang tot eiendom moet verkry om hul pligte uit te voer 4

3. Privaat persone wat in gevolge statutêre vereistes die plaas mag besoek 5

4. Privaat persone sonder statutêre regte 5

5. Begrafnisse op plase 6

6. Besoeke aan plase in die operasionele gebied 6

7. Algemeen 7

8. Kennisgewingbord 7

9. Bylaag 1 8

PROTOKOL VIR TOEGANG TOT PLASE

AANHEF

Die Landelike Beveiligingstrategie, soos ontwikkel en toegepas deur die Suid-Afrikaanse Polisiediens, maak voorsiening vir die implementering van ‘n protokol om toegang tot plase te bestuur, om ‘n veilige boerdery-omgewing te ondersteun.

Die operasionele gebied vir die weermag en die polisie beslaan die gebied vanaf die grenslyn tot en met 10 km binne Suid-Afrika.

In die lig van die hoë vlak van misdaad in landelike boerderygebiede en aanvalle op plaasbewoners, sal die volgende besoeker-groeperings toegang verkry tot plaaseiendom ingevolge die reëlings soos hierin uiteengesit.

1. VEILIGHEIDSDIENSTE

Dit sluit in die Suid-Afrikaanse Polisiediens en die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag.

1.1 Verkieslik per reëling. Hierdie reëling sal nie van toepassing wees waar die grondeienaar of die persoon in beheer van die eiendom die onderwerp van optrede deur die veiligheidsdienste is nie. **Reëling ingevolge ‘n ooreenkoms bereik met die polisie gedurende Mei 2002.*

1.2 Voertuie moet duidelik gemerk wees en lede van die veiligheidsdiente moet gekleë wees in uniforms.

1.3 Meld onmiddellik aan by die eienaar of persoon in beheer van die eiendom wanneer die eiendom betree word en toon ‘n aanstellingsertifikaat.

1.4 Lig die eienaar of persoon in beheer van die eindom in oor die aard en duur van die voorgenome besoek.

1.5 Grondeienaars onderneem om met die veiligheidsdienste saam te werk in die uitvoering van hul pligte.

2. ANDER BEAMPTES WAT INGEVOLGE STATUTÊRE VEREISTES TOEGANG TOT EIENDOM MOET VERKRY OM HUL PLIGTE UIT TE VOER

Hierdie groep sluit in; inspekteurs van die departemente van Arbeid, Binnelandse sake, Gesondheid, Landbou, ens.

2.1 ‘n Vooraf reëling / afspraak met of toestemming van die eienaar of persoon in beheer van die eiendom is noodsaaklik om toegang te bewerkstellig.

2.2 Wanneer toegang tot die eiendom of perseel verkry word, moet dit onmiddellik aan die eienaar of persoon in beheer van die eiendom gerapporteer word.

2.3 Die beampte moet hom/haarself behoorlik identifiseer, die aard van sy/haar besigheid verduidelik, en meld hoe lank hy/sy op die eiendom sal vertoef.

2.4 Die beampte mag geen take of aksies onderneem behalwe dié waarvoor toestemming ontvang is nie.

2.5 Indien die beampte nie daarin slaag om ‘n afspraak te maak nie, aangesien hy/sy nie kontak met die eienaar of persoon in beheer van die eiendom kon maak nie, of waar die versoek om ‘n afspraak geweier is, moet hy/sy die plaaslike boerevereniging of provinsiale landbou-organisasie of die Suid-Afrikaanse Polisiediens nader vir hulp.

3. PRIVAAT PERSONE WAT INGEVOLGE STATUTÊRE VEREISTES DIE PLAAS MAG BESOEK

Dit sluit in mense wat byvoorbeeld die reg het ingevolge die Wet op die Uitbreiding van Verblyfreg om plaasbewoners te besoek.

3.1 Slegs per reëling of afspraak met die eienaar of persoon in beheer van die eiendom.

3.2 Die besoeker mag slegs die vooraf geïdentifiseerde roete na die plaaswerkerhuise of voorvaderlike grafte volg.

3.3 Die ooreenkoms moet duidelik voorsiening maak vir die duur van die besoek.

3.4 Die besoekers mag geen aktiwiteite onderneem behalwe dié waarvoor skriftelike toestemming ontvang is nie.

4. PRIVAAT PERSONE SONDER STATUTÊRE REGTE

Dit sluit in navorsers, politieke party-organiseerders, vakbond-organiseersers, godsdienswerkers, ens.

4.1 Per reëling om plaaswerkers te ontmoet by ‘n geskikte openbare plek weg van die plaas af.

4.2 Die landbouprodusent sal dit moontlik maak vir werkers om sodanige vergaderings by te woon, insluitende die voorsiening van vervoer na die vergaderplek indien prakties moontlik.

4.3 Slegs in buitegewone omstandighede sal die persone toegang verkry tot die eiendom en dan wel onderhewig aan ‘n baie eksplisiete reëling met die eienaar of persoon in beheer van die eiendom en onder voorwaardes soos gestel mag word.

5. BEGRAFNISSE OP PLASE

Dit sluit in familielede wat hul voorvaders se grafte op plase wil besoek.

5.1 Slegs per vooraf toestemming van en reëling met die eienaar of persoon in beheer van die eiendom.

5.2 Skriftelike toestemming moet duidelik melding maak van sodanige toegang en die roete na die begraafplaas.

5.3 Daar moet ‘n duidelike reëling wees oor die duur van die besoek, asook die aantal persone wat die plaas sal besoek.

5.4 Die besoekers mag geen aktiwiteite onderneem behalwe dié waarvoor skriftelike toestemming ontvang is nie en mag nie die roete na die begraafplaas en die begraafplaas as sodanig besoedel nie.

5.5 Hierdie reëlings moet redelik wees vir beide partye en moet verkieslik onderhandel en op skrif gestel word.

6 BESOEKE AAN PLASE IN DIE OPERASIONELE GEBIED

Dit sluit in gemagtigde lede van die weermag, die polisie, regeringbeamptes, kontrakteurs en privaat persone wat besoek by sodanige plase moet aflê of/en persone met statutêre regte om toegang tot sodanige eiendom te verkry.

6.1 ‘n Vooraf reëling met die eienaar of persoon in beheer van die eiendom is noodsaaklik om geredelike toegang tot die eiendom te bewerkstellig. ‘n Skakelstruktuur, moet beskibaar wees vir skakeling tussen die grondeienaars en die veiligheidsdienste om hierdie proses te fasiliteer.

6.2 Regeringbeamptes, met inbegrip van lede van die veiligheidsdienste en kontrakteurs, moet behoorlik identifiseerbaar wees. Lede van die veiligheidsdienste en kontrakteurs moet te alle tye ‘n aanstellingsertifikaat kan toon.

6.3 Voertuie wat deur regeringbeamptes gebruik word moet staatsvoertuie wees en maklik identifiseerbaar wees. Voertuie van kontrakteurs moet duidelik gemerk word om aan te dui dat hulle aan die kontrakteur behoort.

6.4 Persone wat hierdie eiendomme besoek sal geen take of aksies onderneem behalwe dié wat nodig is ingevolge statutere vereistes of, in die geval van privaat persone en kontrakteurs, slegs aktiwiteite waarvoor skriftelike toestemming ontvang is. Besoedeling van die eiendom sal nie geduld word nie.

6.5 Oop vure word verbied en sal slegs toegelaat word met die uitdruklike en skriftelike goedkeuring van die grondeienaar en onderhewig aan sodanige voorwaardes wat die eienaar mag stel.

6.6 Jag van wild en die versameling van vuurmaakhout is streng verbode, en skade aan flora en fauna, word verbied.

6.7 Geen gepeuter met die grondeienaar of departementele slotte sal toeglaat word nie.

6.8 Grondeienaars onderneem om saam te werk met die persone wat toegang tot plase in die operasionele gebied benodig om hul pligte uit te voer.

Sien bylaag 1 vir meer besonderhede

7 ALGEMEEN

7.1 Landbou-organisasies en die breë boerderygemeenskap se benadering sal wees om die veiligheidsituasie te stabiliseer deur hierdie *modus operandi* toe te pas en die protokol sal nie gebruik word om redelike toegang te weier aan persone wat 'n bona fide reg het om toegang tot die eiendom te verkry nie of wat toegang tot die eiendom versoek het nie.

7.2 Amptenare en persone wat toegang tot die eiendom wil verkry moet begrip hê vir die huidige noodsituasie en moet hulself nie skuldig maak aan uitdagende of dreigende gedrag nie. Toegang tot plase sal beperk wees tot wat redelikerwys beskou kan word as noodsaaklik of wenslik.

8 KENNISGEWINGBORD

Die volgende kennisgewingbod is deur Agri SA se Algemene Sakekamer aanvaar vir gebruik.

REG VAN TOEGANG VOORBEHOU **RIGHT OF ADMISSION RESERVED** **PLAAS PROTOKOL** **FARM PROTOCOL**	**CBA** **19**

Die kennisgewingbord bestaan uit twee dele, naamlik 'n plaasprotokol-gedeelte en 'n gedeelte vir 'n plaasnommer. Beide Agri SA en die provinsiale organisasie van Agri SA mag hul logos op die bord aanbring.

BYLAAG 1

RIGLYNE VIR TOEGANG TOT PLASE LANGS DIE RSA-GRENS

- **VOORWOORD**

  Tans is toegang tot privaat grond langs die RSA-grens en die internasionale grens waar spesifieke staatsdepartemente hul verantwoordlikhede moet nakom ‘n saak van uiterse kommer vir die geaffekteerde grondeienaars sowel as die betrokke staatsdepartemente.

  Sekuriteit en verliese weens kriminele aktiwiteite op plase is ‘n saak van uiterse belang vir grondeienaars wat moet verseker dat alle gesinne en eiendom op hul plase behoorlik beskerm word. Gekoppel hieraan is die kwessie van veiligheid en sekuriteit op plase wat die behoefte aan inisiatiewe om die beweging van regeringsamptenare, hul kontrakteurs en persone wat toegang tot plase verlang uit te lig. Hierdie riglyne sal staatsdepartement help om toegang tot plase te bewerkstellig deur middel van proaktiewe kommunikasie en identifisering van amptenare en kontrakteurs ingevolge Agri SA se protokol vir toegang tot plase.

  Alhoewel spesifieke staatsdepartemente statutêre regte het om toegang to plase te verkry ten einde die interasionale grenslyn te patrolleer en in stand te hou en die integriteit daarvan te beskerm, is dit belangrik om te onthou dat as besoekers hulle te alle tye die grondeienaars en hul belange moet respekteer. Die departmente se statutêre reg tot toegang om hul pligte uit te voer word erken.

  Eise teen staatsdepartemente wat ontstaan weens ongepaste gedrag gedurende besoeke kan lei tot ‘n ongemaklike verhouding tussen die partye en moet dus vermy word.

  Die bylaag verskaf verdere riglyne oor hoe toegang tot plase vir departementele amptenare, kontrakteurs (wat werk namens regeringsdepartemente verrig) en privaat persone bewerkstellig kan word.

- **RIGLYNE OM TOEGANG TOT PLASE IN DIE OPERASIONELE GEBIED TE BEWERKSTELLIG**

  ‘n Provinsiale Skakelkomitee behoort gevestig te word tussen die betrokke partye om gesonde verhoudings tussen belanghebbendes te verseker. Hierdie komitee sal bestaan uit al die betrokke belanghebbendes en sal gereeld vergader om alle aangeleenthede wat verband hou met toegang en kommunikasiekanale ten opsigte van die internasionale grens te bespreek. Hierdie komitee moet ook gebruik word om ’n langtermyn-benadering te ontwikkel vir toegang tot veral wildsplase waar, onder andere, gevaarlike diere en skaars spesies met hoë waarde gehuisves word.

- **SPESIALE AKSIES / SAPD / SANW EN ANDER STAATSINSTELLINGS**

  Weens die aard van hierdie operasies, mag dit moeilik wees om alle geaffekteerde partye in te lig. Staatsdepartemente sal poog om alle plaaslik georganiseerde landboustrukture te betrek op ‘n wyse wat sal bydra tot die suksevolle voorkoming van kriminele aktiwiteite sonder om die lewens van onskuldige mense in gevaar te stel en om samewerking tussen belanghebbendes te bevorder.

- **IDENTIFIKASIE-RIGLYNE**

  Alle regeringsamptenare moet amptelike identiteitskaarte waarop foto’s aangebring is in hul besit hê, met ‘n aanduiding dat hulle werknemers is. Grondeienaars mag die teenwoordigheid van regeringsamptenare telefonies met die aangewese kontakspersoon bevestig. Regeringsamptenare mag slegs die amptelike vuurwapens wat aan die individuele amptenaar uitgereik in hul besit hê.

  Regeringskontrakteurs sal identiteitskaarte waarop foto’s aangebring is in hul besit hê, met ‘n aanduiding dat hulle kontrakteurs is. Elke kontrakteur sal skriftelike bewys moet toon wat hul kontrakaanstelling bevat, asook wie gekontak moet word om dit te bevestig.

- **RIGLYNE IN VERBAND MET OMHEININGS EN HEKKE**

  Ingevolge die Omheiningswet (Wet 31 van 1963) mag geen persoon oor of deur ‘n omheining klim of kruip sonder die toestemming van die grondeienaar nie en besoekers moet let op hierdie bepaling. Staatsdepartemente sal hul eie slotte aan amptenare voorsien wat gebruik sal word in alle gevalle op sodanige wyse dat die slot die hek behoorlik sluit. Hekke moet gelaat word soos verlang deur die grondeienaar.

  Ten einde behulpsaam te wees met enige moontlike eise, moet regeringsamptenare vir elke hek ‘n logboek byhou waarin die volgende opgeteken word:

  - Die posisie van die hek met verwysing na die GPS-ligging, asook die heknommer en plaasnaam;
  - Die toestand waarin dit gevind is (oop of toe);
  - Die tyd;
  - Die naam en posbenaming van die amptenaar;
  - Enige ander toepaslike inligting (toestand van slotte, ens.).

  Aangesien hekke deur staatsdepartemente sowel as grondeienaars gebruik word, moet elke departementele slot in die kettingskakel gesluit word afsonderlik van die grondeienaar se slot sodat alle partye toegang kan verkry sonder om die ander party te verontrief. Geen gepeuter met die grondeienaar of department se slotte sal geduld word nie. Die afsny van slotte is streng verbode.

- **RIGLYNE VIR DIE AANWENDING VAN HELIKOPTERS**

  Waar gebruik gemaak word van helikopters, moet daar in samewerking met die verantwoordelike departementele amptenare en die grondeienaar verseker word dat geen ontwrigting plaasvind of skade aan plaasdiere soos volstruise of ander skaars en duur wildspesies berokken word nie. Daar mag onder geen omstandighede laag gevlieg word oor wildsplase nie. Kennis van lugpatrollies moet vooraf via die skakelkomitee gekommunikeer word om te verseker dat alle geaffekteerde partye daarvan bewus is.

- **RIGLYNE OM SKADE TYDENS 'N BESOEK TE VERMY**

  Enige skade aan enige hek, omheining of eiendom wat veroorsaak is deur amptenare moet aan die betrokke departementele amptenare en die grondeienaar gerapporteer word via die kommunikalekanale wat daargestel is. Uiterse sorg moet gehandhaaf word waar vure gemaak word, dit slegs met die uitdruklike skriftelike goedkeuring van die grondeienaar en onderhewig aan die voorwaardes wat hy/sy gestel het, geskied. Regeringsamptenare en hul kontrakteurs mag nie die eiendom besoedel nie en sal te alle tye verseker dat hulle enige rommel verwyder wanneer hulle die perseel verlaat.

- **RIGLYNE TEN OPSIGTE VAN FAUNA OF FLORA**

  Besoekers mag geen *fauna* of *flora* van die plaas verwyder sonder die skriftelike toestemming van die grondeienaar nie en in sodanige geval sal die wetgewing wat verband hou met fauna en flora in ag geneem word.

  Toegang tot plase sal gereël word met die betrokke grondeienaars via die skakelkomitee aangesien hierdie plase gevaarlike sowel as duur wildspesies huisves. Dit sal bydra tot die veiligheid van die besoeker asook die voorkoming van eise teen staatsdepartemente,.in die geval van sterftes of verlies aan duur wild. Amptenare wat toegang tot plase verkry mag slegs amptelike vuurwapens in hul besit hê.

  Eienaars van wildsplase moet aangemoedig word om die volgende inligting op hul plaashekke aan te bring:

  - Dat dit 'n wildsplaas is en dat gevaarlike diere gehuisves word
  - Kontakbesonderhede van die eienaar.

- **RIGLYNE TEN OPSIGTE VAN DIE GEBRUIK VAN PAAIE**

  Regeringsamptenare moet so ver moontlik slegs van die grenslynpaaie of die paaie soos bepaal en met die grondeienaar ooreengekom gebruik maak. Dit is baie belangrik om te verseker dat die paaie nie gedurende die reënseisoen beskadig word nie. Die grondeienaar se toestemming word vereis vir die gebruik van enige ander paaie. In alle gevalle moet gesorg word dat daar in die proses geen skade veroorsaak word nie en so ver moontlik moet geen voertuie deur die veld ry nie.

- **RIGLYNE OOR HOE OM KLAGTES TE HANTEER**

  Die skakelkomitee moet gebruik word om alle klagtes te hanteer. Die betrokke amptenare van ‘n staatsdepartemente moet rekord hou van alle klagtes wat ontvang word van grondeienaars oor die gedrag van amptenare wanneer hulle toegang tot plase verkry.

  Plaaslik georganiseerde boereverenigings sal rekord hou van alle klagtes wat ontvang word van staatsdepartemente oor die gedrag van grondeienaars.

  Alle klagtes moet ondersoek, aangespreek en afgesluit word tot die bevrediging van die betrokke departement, provinsiale landbou-organisasie en grondeienaar.